

# TOUCHER

**CENTURION ROLBALKLUB CENTURION BOWLS CLUB**

(www.centurion.bowls-club.co.za)

secretary@centurion-bowls.co.za

## NUUSBRIEF / NEWS LETTER

**Oktober 2023 October**

*Eerlike raad van 'n vriend is so aangenaam soos parfuum en so heerlik soos wierook.* - Spreuke 27:9

**HOOGTEPUNTE**

Steeds bly die worslopies 'n maandelikse hoogtepunt, met groot dank aan Tertius van de Venter. Die gekroonde worskampioene kan met reg trots wees op hul prestasies. Japie Horn en Piet Swemmer dra op 5 September die worslouere weg en Herman du Plessis en Leon Smith op 3 Oktober. Welgedaan!

Die liga-oefeninge het met mening afgeskop, haarfyn geskeduleer deur Hannes Botha en Karien Roos. Hannes onderskei hom as die Statistikus-Generaal van die klub - die onderskeie prestasies en wanprestasies word in indrukwekkende formate vertoon. Baie dankie, Hannes en Karien. Die komende



ligaseisoen kan met vertroue ingegaan word, veral na die indrukwekkende inhuldiging (oftewel "capping" - die simboliese of letterlike oorhandiging van die spanpette) van die liga-spelers op 21 Oktober. Die onderskeie spansamestellings word elders gegee. Die seremonie en opvolgende braai was 'n groot veer in die hoed van veral die dames-keurkomitee!

Nog 'n gerekende klublid het lid geword van die Groot 8-klub - baie geluk, Johan Meaker, met hierdie nuwe status, en ons beste wense vir nog baie jare se uitstekende spel. Ja, en Johan is die beste persoon in die klub om uit te lê hoe beesboerdery en rolbal beide te doen het met gras......

Op 1 Oktober kon 120 siele, bestaande uit klublede en hul meelopers, 'n



besoek bring aan die Barnyard teater vir 'n nostalgiese en aangename draai by ABBA en Queen. Die gehoor kon ten volle geniet en is ten volle betrek – niemand het gekla dat hy of sy nie mooi kon hoor nie. Die besoek het die klub meer



as R10 000 in die sak gebring. Baie dankie, Herman en Elize du Plessis, vir hierdie wonderlike inisiatief!

Agt klublede, te wete Johan en Hendrina Meaker, Ernst en Zinda Müller, Herman en Elize du Plessis en Gerrit en Tillie Kamper het van 6-8 Oktober meegedoen aan die Mielielandtoernooi in Potchefstroom. Dit





was ŉ baie groot toernooi, met spel van 68 spanne verdeel oor die bane van drie rolbalklubs (Potchefstroom Buiteklub, Potchefstroom Rolbalklub en Klerksdorp Rolbalklub). Die organisasie was puik, die spelpeil was hoog, en die spelgees baie aangenaam. Die Wes-Transvaalse hitte was wel deeglik aanvoelbaar. Die Centurioniete het nie juis skouspelagtig gefigureer in die uitslae nie, maar kom ons stel dit positief: Ons het deeglik van onsself rekenskap gegee in die middelorde.

**OEPS..........**



Die Toucher bly maar mensewerk, en foute sluip in. Verskoning, Herman en Elize, dat julle foto as wenners van die gemengde parespel (vir die tweede agtereenvolgende jaar!) nie ingesluit was by die ander wenner-foto's in die vorige Toucher nie. Maar hier is dit nou, en nogmaals baie, baie geluk!

Lesers moet asseblief nie huiwer om "oepsies" te meld nie....

Gerrit

**VANWAAR GEHASI?**

**Martelize Prinsloo**

My nooiensvan is Pietersen, gebore in Hennenman in die Vrystaat en het op Senekal grootgeword en gematrikuleer.

My eerste werk was by Standard Bank op Sasolburg waar ek ook my man Wim ontmoet het, ons is ook daar getroud.



Ons het verhuis na Potchefstroom en daarna Centurion waar ons nou al 36 jaar woon.

Uit ons huwelik is twee seuns gebore, beide seuns woon in Centurion. Ons oudste seun is getroud en ons is grootouers van ŉ kleindogter.

Na 30 jaar diens in die plaaslike stadsraad het ek in 2020 afgetree en by ons rolbalklub aangesluit.

Dis ŉ voorreg om deel te kan wees van die klub met soveel aangename mense.

**BESTUUR**

Sake wat tydens die bestuursvergaderings op 8 September en 13 Oktober bespreek is, kom grootliks elders in hierdie uitgawe ter sprake, of word per WhatsApp aan lede deurgegee.

Die volgende bestuursvergadering vind plaas op 10 November 2023.

**KOMPETISIES**

**Klub**

Die Klubkompetisies vir 2023-2024 begin na afhandeling van die ligawedstryde.

**BGN en Liga**

Die eerste skote in die nuwe ligaveldslae klap op 28 Oktober.  Ons klub word in die eerste divisie verteenwoordig (mans) asook in die tweede divisie (dames), derde divisie (dames), vierde divisie (mans en dames) en sesde divisie (mans) Baie sterkte aan alle spanlede. Die spansamestellings vir die afskop van die ligawedstryde word hierna aangetoon. Baie sterkte aan almal vir die dra van hierdie vaandels!

| Divisie | Skip | Derde | Tweede | Lei |
|---|---|---|---|---|
| Dames 2 | Eurika Lawrence<br>Annie Marais | Hendrina Meaker<br>Marsha Greyling | Hermien Velleman<br>Maria Steyn | Elize du Plessis<br>Tillie Kamper |
| Dames 3 | Thea Opperman<br>Karien Roos | Dalina Brits<br>Dorina du Plessis | Estelle de Beer<br>Ronell van Zyl | Louie Weber<br>Zinda Müller |
| Dames 4 | Magda Timmerman<br>Judy Ralph | Rina Meyer<br>Suzaar v Rooyen | Linda Kleingeld<br>Freda Cloete | Adri Greve<br>Helena Payne |
| Mans 1 | Tian Pietersen<br>Hannes Botha | Ted Harley<br>Pieter Pretorius | Herman du Plessis<br>Wim vd Waals | Willem van Zyl<br>Hadri Roux |
| Mans 4 | Anton Deetlefs<br>Andre Lightfoot | Johan Meaker<br>Brian Kleingeld | Emil Haarhof<br>Jurg Odendaal | David Engela<br>Piet Swemmer |
| Mans 6 | Bosman Olivier<br>Flip Mattheus | Koos Slabber<br>Gerrit Kamper | Tertius vd Venter<br>Pieter Brits | Conrad Greve<br>Johan Ehlers |

**Liga spanne vir die 2023-24 seisoen**

**Dames**



**Centurion-1 (2de Divisie)**

Elize du Plessis, Hendrina Meaker

Hermien Velleman en Eurica Lawrence



**Centurion-1 (2de Divisie)**

Anie Marais, Marsha Greyling,

Maria Steyn en Tillie Kamper



**<u>Centurion 2: (3de Divisie)</u>**
Thea Opperman, Dalina Brits
Estelle de Beer en Louie Weber



**<u>Centurion-2 (3 de Divisie)</u>**
Karien Roos, Dorina du Plessis,
Zinda Muller en Ronel van Zyl



**Centurion-3 (4e Divisie):**
Rina Meyer, Linda Kleingeld
Magda Timmerman en Adri Greve



**Centurion 3 (4de Divisie)**
Judy Ralph, Helena Payne
Susaar van Rooyen en Freda Cloete



**Reserwes:**
Liezel Look, Francis Slabber, Marieta Fourie, Christa Roux,
Hessie de Lang, Magdaleen Antonites, Yvonne Bock
en Gertie Botha

**Mans:**



**Centurion-1 (1ste Divisie):**
Matie de Beer, Ted Harley,
Tian Pieterse en Herman du Plessis



**Centurion-1 (1ste Divisie):**
Hannes Botha, Pieter Pretorius,
Wim vd Waals en Hadri Roux



**Centurion-2 (4de Divisie):**
Anton Deetlefs, Johan Meaker,
Emile Haarhof en David Engela



**Centurion-2 (4de Divisie):**
Piet Swemmer, Brian Kleingeld,
Andre Lightfoot en Jurg Odendaal



**Centurion-3 (6de Divisie):**
Tertius van de Venter, Conrad Greve,
Bosman Olivier en Koos Slabber



**Centurion-3 (6de Divisie):**
Pieter Brits, Willem van Zyl,
Flip Mattheus, Gerrit Kamper en Johan Ehlers



**Reserwes**: Agter: Ernst Muller, Loutjie de Jager, Eidel Bock.
Voor: Johan Ehlers en Dawie Hanekom

## ROLBALONTWIKKELING

Agt potensiële nuwe lede ontvang tans afrigting, met groot dank aan die afrigters, naamlik Leon, Hermien, Bosman, Wim, Ernst en Zinda.

Die Woensdagmiddag parespel in 2-4-2-formaat is steeds 'n groot sukses, met telkens 'n aantal kandidate wat wil speel op die waglys. 'n Baie spesiale dankie weer eens aan Leon Smith vir al sy moeite!

## LEDESAKE

### Verjaarsdae in Oktober

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 | Freda Cloete | 20 | Lourens Olivier |
| 14 | Lynette Sam | 24 | Dawie Hanekom |
| 17 | Marieta Fourie | 25 | Anette Olivier |
| 17 | Johan Meaker | 31 | Doep du Plessis |
| 18 | Appie Nieuwoudt | 31 | Koos Schoeman |
| 20 | Anne Ebersohn | | |

### Verjaarsdae in November

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Jan Ebersohn | 17 | Frank Wepener |
| 7 | Tillie Kamper | 21 | Magda Timmerman |
| 10 | Yvonne Bock | 25 | Koos van Dyk |
| 11 | Isabel Jacobs | 29 | Louie Weber |
| 16 | Conrad Greve | 30 | Annie Marais |

### Verjaarsdae in Desember

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4 | Ernst Müller | 22 | Barend Lundie |
| 11 | Theo Munroe | 26 | Martelize Prinsloo |
| 12 | Cathy Austen | 27 | Adri Behr |
| 18 | Yvonne Clausen | 27 | Emil Haarhoff |
| 19 | Piet van der Merwe | 31 | Ted Harley |

### Nuwe lede

Ons verwelkom graag as nuwe spelende lede vir Dennis en Yvonne Clausen, Nico Rau, Lynette Sam en Suzette Strydom.  Nuwe lede wat tans nog afrigting ontvang is Gert Kruger, Alice en Ferdie Maree, Lesley

McCabe, Maretha en Nico Meiring, Albert Smook en Andries Steyn. Baie welkom aan elkeen, en mag julle verbintenis met CRK lank en aangenaam wees!


Dennis Clausen


Yvonne Clausen


Nico Rau

**Lief en leed**

Beste wense vir mooi beterskap aan die volgende lede wat almal op een of ander wyse uitdagings beleef (het) met gesondheid: Bruce Austen, Stani Antonites, Christa Roux en Doep du Plessis.

**Speeltye (Somer)**

Dinsdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Donderdae - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00

Saterdae - gemengde spel, skyfies in 13:30 vir 14:00

Spel word Saterdae in klubdrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook klubdrag aan.

**Fondse**

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysing jou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die Tesouriere se taak aansienlik vergemaklik.

Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word by:

Centurion Bowling Cub
ABSA, Centurion tak (632005)
Tjekrekeningnr 405 332 3178

Ledegeld plus BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 31 Oktober 2023.

Status: ouderdom soos op 1 Julie 2022

| Kategorie | Ledegeld | Affiliasie | Totaal |
|---|---|---|---|
| Bo 75 | R1 620 | R520 | R2 140 |
| Onder 75 | R1 830 | R520 | R2 350 |

Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die Tesouriere gereël word.

Kontak Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

**Boeke**

Snuffel gerus  in die boekrakke  vir iets om te lees en huistoe te neem.  Daar is ‘n kassie waarin jy R5 per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

**Diensrooster**

Aangebring op kennisgewingbord.

**GREENS AND FACILITIES**





With the valuable assistance from Afriforum, the reconditioning of the greens could continue, notwithstanding the municipal workers’ strike.  A special word of thanks to Bosman, and Ernst and Zinda for their invaluable efforts in ensuring that play can continue. On Friday 20 October, an upkeep offensive was launched, with invaluable assistance from many club members and their personal grass cutting weaponry, in reconditioning the green edges and banks. This is wonderful evidence of the sence of enthusiasm and companionship in our club. Well done, everybody!

**KLEINJAN**

*Goeie middag ma*

*Ma ek voel so opgewonde vanmore. Ek het ŉ meisie uitgevra vir koffie gister middag. Sy is nie my meisie, soos in meisie meisie nie, maar sy is ŉ meisie. Ons sal maar sien hoe loop dinge na die koffie. Ons het darem al baie openlik gesels en dit lyk my sy is op dieselfde golwe se lengtes as ek. Sy is ongetroud en pragtig. Sy is ook nie ŉ ma nie en het nie ander verbintesnisse nie.*

*Van pure opgewondenheid het ek toe die klomp blompotte in my tuin in allerhande kleure geverf. Daar is twee waarvan die een spierwit is en die ander een ook. Die ander se kleure wissel van caramel bruin tot Nandos bruin. Dan matt-black, charcoal, pikswart, cabinet-black en eskom-lightsout swart. Lyk nogal aanvallend. Net soos ŉ reȅnboog. Net jammer ŉ mens kan dit nie in die aand sien nie , want my tuinligte is mos non-shining at night. Tot die slakke loop in die aand teen die potte vas.*

*Ma kan seker nog vir skurwe Pieter onthou. Die ou wat altyd sonder skoene geloop het. Hy bel my hier uit die bloute uit en voer gesprek met my. Hy bly nou op ŉ kleinhoewens buite Bella-Bella by Warmbad. Hy gaan nou blykbaar verloof raak aan sy meisie wat hy al van skooltyd af het. Hy sê sy het ander aand vir hom ge nooi om daar by haar woonstel te kom oornag. Dan, siende dat hulle gaan verloof word kan hulle bietjie die kat in die donker knyp. Hy het nie eens geweet sy het ŉ kat nie. Hy het toe maar sy generator saam gevat en wraggies toe het sy ŉ kat. Daar was egter nie loudshedding nie, toe knyp hy sommer die kat op die stoep. Die arme dier het so ŉ lawaai opgeskop dat sy met ŉ vreeslike spoed die haase se pad gekies het, reguit in die pad af na Tjhokile Mafumadi, wie met slag haase boer, se huis toe.*

*Sy aankomste was blykbaar bietjie baie kwaad omlat hy die kat so hard geknyp het. Hy het wel die aand in haar spaarkamer oornag. Shame. Nog nie eens bevestig nie dan slaap hy al apart. Hy sê wel die bed was nie te bad nie.*

*Ag, en toe het Petoors ook liefdes moeilikheid. Hy het my eergister kom vra of hy vir ŉ week of so by my kan kom plak. Hy het blykbaar vir sy vroutjie probeer komplimenteer deur vir haar te sê “mammie, jy weet jy was nie so breed toe ons getroud het nie”. Hy sê my hy het bedoel sy het goed gewig aangesit sedert hulle*

*troue soos hy goed agter haar gekyk het.  Dit self sou ook nie goed afgegaan het nie. Nou moet hy boete doen vir 'n misverstand deur vir hom vir 'n onbepaalde tyd ander verblyf te kry. Ek het hom nou maar uit sy nood gered. Shame.*

*Oom Hansie Liga het nou ons name agter mekaar. Dis nou die gene wat gaan liga speel. Hy gaan nou saam met sy mede keurders, wat van alle ordes is, 'n weermag gineraal, 'n ingineur, 'n tamatieboer en 'n ou met bietjie geld die skommeling doen. Die spanne word in viere opgedeel. Ons gaan dan gereeld saam oefen om sodoende gedugte spanne te wees as die liga in Oktober afskop. Ons kan dan Kleingeld van die ander spanne maak. Die afskop is nie soos in rugby waar Klipbok vir die bokke met met die wêreld se rugby afskop nie. 'n Mens skop nie rolbalballe nie. Dit is net 'n figure of speech.*

*My buurvrou is vir drie weke saam met haar ma af Kaap toe en sy het gevra of ek haar tuin van tyd tot tyd sal natgooi. Ek het toe sommer 'n tuinwerker hier op die straathoek nader ge trek en ons het die huisafval, wat nou al amper drie weke nie verwyder was nie mooi netjies in haar beddingtjies ingespit. Ek dink dit is die ideale kompos want dit is mos organies.*

*Ek is bly dat die litte eenparig by ons algemene jaarvergadering saamgestem het dat ons ledegelde vir die klub nie hierdie jaar verhoog word nie. Die nuwe bestuur litte is ook verkies wat vir die volgende jaar die touleiers moet wees. Hulle is ook alle voorspoed toegewens.*

*Ons nuwe graderings is ook gedoen in oorleg met oom Hansie en sy meelopers. Ek is al 'n twee. Ek sal later vir ma verduidelik hoe werk die graderings dinge.*

*Daar gebeur nou baie dinge by die klub onder die nuwe bedeling en iniesiatief. Ons was honderd en twintig wat saamgespan het en na musiek en sing van kunstenaars by 'n klub in die stad gaan luister het. Die klub is die scrap yard. Na die shouw het ons dame met die poeijerblou balle die bestuurder mooi bedank en vir hom gesê  "Thank you for the music". Hy het toe 'n groot bedrag geld aan ons klub se fondse ge skenk.*

*Ma die mediese wetenskap is darem wonderlik. Oom Bassie sukkel mos so met die ghout in sy groottone asgevolg van die rooi sap van die vrug van die wingerdstok. Hy het apteek toe gegaan en vir hom 'n ghout koktail gekry. Dit is agt klein pilletjies wat jy eenmalig moet neem met skoon water. Woeps waps was die erge pyn die volgende dag in die verlede. Ek het toe ook sommer ses van my klein pilletjies gedrink en ek het nie eens ghout gehad nie. Ma ek dink vir ghout is voorbehoeding beter as pyn. Vra maar vir nig Soufia. Sy het ondervinding. Nie dat sy enigiets neem nie want haar uitgebreide kroos het haar die lig laat sien. Daar is darem iemand wat bietjie lig sien.*

*Ma soos gewoonlik moet ek weer tot siens sê. Groetnis.*

*Kleinjan*

**.....EN TEN SLOTTE**

Pieter Brits reken daar is slegs drie hooftale wat mense in SA praat: Afrikaans, Engels en Ka.... (rym met "bak"). "En", voeg Piet by, "volgens my vrou praat ek die laaste een die beste..."

&&&&&&&&&&&&&&&

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com , praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by: www.centurion.bowls-club.co.za en ook ons Facebook blad by

https://www.facebook.com/Centurion-Rolbalklub-Bowling-Club.

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: secretary@centurion-bowls.co.za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.